

INLEIDING

Sefanja se naam beteken: "God kruip weg"

Daar klop koningsbloed in Sefanja se are. Hiskia, wat koning was in Jesaja se tyd, was een van Sefanja se voorvaders. Sefanja self was profeet in die tyd van koning Josia van Juda. Hy het rondom 630 vC as profeet opgetree toe Assiriërs nog die sterkste mag in wêreld was.

Die 2 konings voor Josia en Sefanja, Manasse en Amon, het die volk van die wal in die sloot gehelp. Die volk se godsdiens en sedes was op 'n absolute laagtepunt. In die tempel van die Here is afgode aanbid. Die volk het hulle skuldig gemaak aan sosiale ongelukheid en korrupsie. Al hierdie dinge het God baie ongelukkig gemaak. Hy wil die onreg uitwis. Omdat Sy kinders Hom nie wil dien nie, spreek Hy 'n oordeel oor Juda en Jerusalem uit. Omdat hul heidense bure Hom nie wil dien nie, spreek Hy ook oor hulle 'n oordeel uit.

Josia was bekend as 'n koning wat gepoog het om godsdiens vry van afgodsdienste te kry. Dit lyk asof Sefanja 'n groot rol gespeel het om koning Josia positief te beïnvloed om Juda na die Here toe terug te lei. Sefanja se boodskap van die Here was 'n harde, reguit boodskap oor die verkeerdheid van sonde en die straf wat daarop gaan volg. Maar dit is ook 'n boodskap van die genade en van God, van sy voor- en oorbegyn met mense. Sefanja waarsku die volk telkens teen die oordeel van die Here. 'n Groot deel van hulle steur hulle nie daaraan nie en beland uiteindelik in Babiloniese ballingskap in 586 v.C. Ten spyte van die feit dat 'n deel van die volk hul nie aan hom steur nie, bly Sefanja die volk oproep om terug te draai na God toe. Hy pleit by die volk om in geloof oor te gee aan die Here.

Hy leer ook vir die volk wie die Here is. Die goeie nuus is dat God nie op hulle hakke is met 'n rottang en 'n paar weerligstrale nie. Hy wil hul nie heertyd probeer terugkry of straf nie.

Die Here bring verlossing v almal. Wanneer mense na Hom terugkom, herstel Hy die verhouding tussen hulle. Hy maak 'n nuwe begin met hulle.

In Johannes 12:47b wys Jesus weer vir ons dié hart van God as hy sê: "... want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red."

God is op jou en my hakke net om één rede. Hy wil ons red. Hy wil vir ons seën met lewe en die ewige lewe.

Hy wil dat ons sal tuiskom in 'n lewende verhouding met Hom en met mekaar. Hy wil vir ons seën met Sy lewe en vrede. Hy wil dat ons deel sal wees van die huisgesin van God. Daarom dat Hy ons nooit op ons eie los nie. Hy is elke dag deur Sy Gees binne-in ons.

SKRIFLESING

Ons lees hiervan in Sefanja 3:14-20.

Hoe dink jy oor God? Wie is God vir jou? In ons gelese gedeelte leer ons God op 4 maniere ken.

1. Hy is God by ons

Mense is baie keer reg vir God se woede en dat Hy ons wil los. God is geregtig daarop om so oor mense te voel.

Wat egter baie meer merkwaardig is, is dat Hy by ons bly, ongeag hoe ons Hom seergemaak het. Hy kom na ons in liefde deur sy Seun, Jesus Christus. Oor kersfees het Hy ons telkens hieraan herinner. Ons lees in Matt 1:23: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons.

2. God het 'n einde gemaak aan ons straf

Ons lees in Rom 7:24-25 in die Boodskap: ²⁴Wat 'n patetiese mens is ek nie! Ek leef in die doderyk. Wie kan my uit hierdie gemors verlos waarin my liggaam vasgevang is?

²⁵Goddank! Daar is wel Iemand wat my uit hierdie doodsbestaan kan bevry. Sy Naam is Jesus Christus. Hy is ons Here."

3. God is bly oor jou

Sefanja beskryf God wat besig is om te sing. Sefanja 3:17: "Hy is vol vreugde oor jou ... Hy jubel en juig oor jou."

En dit is nie 'n sagte ingehoue lied nie. Die Hebreeuse woorde praat van jubeling. Dit is 'n jubeling soos 'n bruidegom wat oor sy bruid bly is. Of 'n blydskap soos toe Dawid voor die ark gedans het. God is uitbundig bly oor jou.

Die prentjie wat Sefanja teken is die van 'n heilig God wat sonde straf. Maar Hy is nie 'n God wat net daar ver besig is om ons met arendsoë dop te hou om op ons toe te slaan as ons iets verkeerd doen nie. Nee, Hy is naby. Hy is by jou. Hy is vol vreugde. Hy is bly oor jou as Sy kind.

Hoe pragtig staan daar nie ook in Sefanja 3:17: "Hy is stil-tevrede in sy liefde."

Die woordjie stil-tevrede kan ook met rus vertaal word. Hy is rustig-tevrede in sy liefde oor jou. Ek lees dié week die verhaal van die Ledford familie in Amerika. Burnam Ledford was 'n formidabele man, gebore in die laat 19de eeu. As hy terugdink aan sy vormingsjare is daar een spesifieke insident wat uitstaan bo al die ander. Dit was toe hy sy ouma-grootjie gaan besoek het toe hy 5 jaar oud was. Sy was in die vorige eeu gebore en reeds vir baie jare blind. Ledford onthou hoe sy in 'n groot stoel gesit het. Sy het hom nader getrek na haar toe en met haar krom vingers oor sy oë, neus en gesig

gevoel om uit te vind na wie hy lyk. En toe gesê: "Yep, he's one of ours." Lenford onthou dit as 'n moment wat hom gehelp het om te verstaan wie hy was: Een van ons.

Dis hoe God oor ons voel: Jy is een van myne. Ek is bly oor jou.

4. God verander jou lot

God word ook geteken as die krygsman. Hy is die een wat 'n einde maak aan die vyand wat sy volk verdruk. Hy sal die rampe van Sy volk afweer en die wat moedeloos is, opbeur. Hy red. Hy maak dié wat treur van ver af in ballingskap en dié wat vernederd agtergebly het in Jerusalem bymekaar en verander hul lot.

God is die krygsman wat sy swaard gebruik om die kwaad af te weer. Hy bring weer orde en vrede. Hy sal Sy kinders se vernedering verander in eer en roem.

Ons leef in 'n tyd waarin mense bang en ongelooflik moedeloos is. Hulle arms hang. Wat kan dit verander?

Henri Nouwen sê in sy boek: "The Life of the Beloved" dat die belangrikste ding wat jy en ek oor onself behoort te weet, is dat ons die geliefde van God is.

En Sefanja bevestig dit alreeds in die Ou Testament in Sef 3:17: "Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in Sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:"

As ek al hierdie dinge van God weet en glo, wat maak dit met my?

Dit maak dat ek opkyk bokant koerantopskrifte en nuusberigte. Ek kyk weg van myself. Dit gaan nie vir my oor my as nietige verganklike mensie nie; dit gaan oor God.

Hierdie besef verander ons lewens onherroepelik. Dit maak dat ons moed skep en met vertroue leef. Dit maak dat ek ten spyte van alles met 'n loflied kan leef! Ek kan sing en juig. Met alles wat ek is, kan ek vrolik en bly wees want:

- God is by my.
- Hy maak 'n einde aan my straf.
- Hy is bly oor my.
- My lewe en dood is in die Krygsman se hande.

Amen